VERGIFNIS: ‘N PAAR GEDAGTES GELEES EN ‘N PAAR EIE GEDAGTES

Vergifnis, verlossing, redding en genade staan op een vlak. Omdat Jesus ons uit genade verlos het, het Hy ook ons sonde vergewe. Ons gered. Daarom moet ons ook hulle wat teen ons oortree vergewe, soos Jesus ons leer bid het.

Vergifnis is ‘n baie moelike en komplekse proses. As die Here ons nie daartoe bemagtig nie, is ons nie in staat om ander te vergewe nie.

God se genade is grensloos! Net soos sy vergifnis. As ons aan God behoort, behoort sy genade reeds aan ons. Vergifnis is die eerste gawe van genade.

Indien God nie gewillig was om sonde te vergewe nie, sou die hemel leeg gewees het.

Alle mense behoort iewers ‘n redelike groot kerkhof te hê waar hulle hulle naaste(en hul eie) foute kan begrawe. Mens moet jouself ook baie dikwels vergewe!

God se wil sal jou nêrens heen neem waar God se genade jou nie sal dra nie.

Vergifnis genees alle wonde. Vergifnis is ‘n resultaat van verlossing(Ef 1:7-8). Stefanus vergeef sy vyande wat hom stenig(Hand 7:60). Dit is ‘n risiko vir jouself om nie te vergewe nie.

Vergifnis word van ons vereis(Matt 18:21-35). Ons verkry vergifnis deur in Christus te glo(Hand 10:43). Geloof, nes vergifnis, is nie maklik nie. Daarom dat die pa van die seun wat besete was in Markus 9:24 vir Jesus sê: “Ek glo, help my in my ongeloof.” Geloof en ongeloof loop baie keer hand aan hand. Dit het ek baie in my lewe al ervaar. Hoe klein is my geloof! Hoe klein dink ek van God. Dan vergeet ek: Hy is tot alles in staat!

Die aarde ken geen droefheid wat die hemel nie kan genees nie.

Jan Lubbe